

Baie kandidate was nie goed voorberei vir die vraestel nie, alhoewel sommige goed presteer het. Sekere afdelings van die vraestel was beduidend swak beantwoord. Kandidate moet aangemoedig word om die hele sillabus te bestudeer.

ONDERWERPE

* BOYLE SE WET

Die formulering van Boyle se Wet was problematies vir baie kandidate omdat baie versuim het om te meld dat die wet slegs van toepassing is op 'n vaste massa gas. Baie kandidate kon nie die omskakeling vanaf gade C na grade K in berekening 2.2.1 hanteer nie.

* INTERMOLEKULÊRE KRAGTE

Vrae wat oor hierdie afdeling handel is swak beantwoord omdat baie kandidate nie die kragte/bindings wat van toepassing is op die vaste stowwe kon identifiseer nie. Hierdie is beduidend, want die begrip van chemiese formules en chemiese vergelykings, sowel as chemiese ladings, berus op soliede kennis en begrip van chemiese bindings.

* BEREIDING VAN H₂S

Die vraag oor die bereiding van H₂S is nie goed beantwoord nie. Dit kan 'n aanduiding wees dat die bereidingsreaksie nie aan die leerders in die klaskamer gedemonstreer word nie, wat gevolglik kan verklaar waarom leerders nie weet waarvoor 'n dampkas in die eksperiment benodig word nie of kon nie die waarnemings verduidelik nie. Opvoeders moet seker maak dat wanneer hulle die eksperiment uitvoer, leerders seker weet wat om waar te neem en dit kan verduidelik.

* FONTEIN-EKSPERIMENT (OPLOSBAARHEID VAN SO₂)

Die vraag het van kandidate vereis om hul kennis te verduidelik en toe te pas. Dit kon duidelik afgelei word dat dit problematies vir baie kandidate was. Leerders was onseker wanneer dubbel pyle en enkel pyle in chemiese vergelykings gebruik kan word – 'n tendens wat dwarsdeur die vraestel figureer.

* TOEPASSING VAN LE CHATELIER SE BEGINSEL

'n Lae persentasie van leerders kon Vraag 5.2 beantwoord. Die vraag het weer eens betrekking op die verduideliking en toepassing van kennis en beginsels. Die meerderheid van die kandidate het bloot Le Chatelier se beginsel geformuleer, sonder om na die spesifieke geval in die vraag te verwys.

* REAKSIETEMPO

'n Lae persentasie van leerders kon Vraag 6 beantwoord. Die vraag het weer eens betrekking op die verduideliking en toepassing van kennis en beginsels. Opvoeders moet seker maak dat kandidate wetenskapkennis kan toepas in 'n reeks scenario's en kontekste.

* TITRASIE

Relatief tot ander vrae het kandidate vrae wat betrekking het op hierdie afdeling redelik goed beantwoord. 'n Beduidende aantal kandidate het probleme ondervind met die vervangings of het die verkeerde formule gebruik. Die manipulerings van formules moet nie voor die vervangings gedoen word nie.

* ELEKTROCHEMIESE SELLE

Relatief tot ander vrae het kandidate vrae wat betrekking het op die afdeling redelik goed beantwoord. Leerders was onseker wanneer dubbel pyle en enkel pyle in chemiese vergelykings gebruik kan word

* ORGANIESE CHEMIE

Die afdeling oor Organiese Chemie is nie goed beantwoord nie. Kandidate het nie die verskil tussen struktuurformules en molekulêre formules geken nie. Onvoldoende tyd word spandeer aan hierdie afdeling, wat duidelik gesien kan word in die onvermoë van baie leerders om basiese vrae wat betrekking het op benaminge en funksionele groepe te beantwoord.